

Die Korale Gebaseer Op Psalm 46

deur C. G. S. DE VILLIERS

GEEN psalm het 'n groter rol in die vroeë dae van die Hervorming gespeel as Ps. 46 nie. Verskeie psalms was al voor die Hervorming tot gunsteling van die volk, die priesterstand en die destydse komponiste verhef, maar nie Ps. 46 nie. Die Psalms was aan die kerk voor die Hervorming bekend in die Latynse „Vulgata”-vertaling, maar ons vind nie dat „Deus noster refugium” naastenby dieselfde aandag van komponiste geniet het nie as bv. Ps. 145, „Exaltabo te Deus meus rex,” of Ps. 137, „Super flumina Babylonis.”

Ps. 46 het sy geskiedkundige posisie eers verwerf deur die wonderbaarlike verduitsing van Martin Luther. Die woorde word in ons gesangboek by Ges. 156 verkeerd gesê as „Ein veste (sic!) Burg ist unser Gott.” Die oorspronklike woorde word hiermee weergegee:

Der. 46. Ain trost Psalm.

Ain feste burg ist vnnsêr Gott/
ain gute wôr vnd waffen/Er
hilff vns frey ausz aller nott/
die vns yetz hatt betroffen/der
alt böse feyndt/mit ernst ers
yetzt meint/grosz macht vnd vil
list/sein grawsam rüstung ist/
auff erd ist nicht seins gleichen.

In moderne Duitse ortografie sou Luther se eerwaardige woorde as volg lui:

Ein' feste Burg ist unser Gott,
ein' gute Wehr und Waffen, er
hilft uns frei aus aller Not, die
uns jetzt hat betroffen. Der alt'
böse Feind mit Ernst ers jetzt
meint, grosz' Macht und viel List
sein grausam Rüstung ist, auf
Erd' ist nicht seins Gleichen.

Luther se gedig bestaan uit vier versies, maar die ruimte ontbreek om hulle almal te siteer. Daar is al baie gestry oor die „ou, boos vyand” in die gedig; vermoedelik word nóg die Pous nóg die duiwel bedoel, maar wel die Turke!

„Ein feste Burg” was die groot strydkreet van die Hervorming; eintlik is die eerste strydkreet die koraal „Es ist das Heil uns kommen her,” woorde deur P. Speratus (1484—1551), musiek: ouer as die Hervorming, maar eers gedruk te Wittenberg, 1524. Die wysie, maar ongelukkig nie die vertaling van Speratus se lied nie, besit ons in Ges. 159, die oerteks waarvan deur Christian Fürchtegott Gellert (1715—1769) gedig is.

Dit is niks minder as 'n tragedie dat die teks van Ges. 156 nie 'n vertaling van „Ein feste Burg” is nie, maar wel van nog 'n gedig van Gellert. Daardeur het die opstellers van die „Evangelische Gesangen,” 1805, 'n groot skade aan ons kerk berokken, 'n skade wat in ons nuwe gesangboek kan en behoort herstel te word, al was dit net uit piëteit vir die onverganklike naam van Luther, van wie ons baie min gesange oorgeneem het, omdat daar in 1805 konsuis „te min tyd voor was!”

En wat nou die geskiedenis van die wysie van „Ein feste Burg” be-

tref. Dit het by die Duitse himnoloë mode geword om die komponisskap van Luther al hoe meer in twyfel te trek, want die himnologie het ook sy betewetenskap! Tog het ons die getuienis van die „regterhand” en musikale raadgever van Luther, J. Walther (1496—1570), dat die groot Hervormer die wysies vir die vroeë sestiende-eeuse koral self gekomponeer het. (Vgl. C. Höweler, *Algemeen Weekblad*, Jaarg. 11, No. 38, bls. 5. 1935.) Weliswaar moet dit erken word dat Walther nie bepaald „Ein feste Burg” noem nie en ons dus om rein bibliografiese redes gedwing word om ons op bestaande drukke van die Lutherlied te verlaat.

Die eerste druk van die lied het waarskynlik in die Gesangboek van die Wittenbergse boekdrukker Joseph Klug verskyn. Maar die eerste uitgawe van die „Klug'sches Gesangbuch” (1529) het spoorloos verdwyn, en ons ken sy inhoud net uit twee ander bronne: „Geistliche Lieder” (Erfurt 1531) en veral die gesangboek van Gutknecht (Neurenberg 1531), waarin „Ein feste Burg” verskyn, eweas in die 1535-uitgawe van Klug. Ons kan dus met alle veiligheid aanneem dat die musiek en woorde ±1529 deur Luther gemaak is, maar ons weet dit nie!

Die wysie is nie streng modaal (Jonies) nie, want dit bevat 'n verhoging, of homofonies uitgedruk, dit veronderstel 'n modulatie na 'n toonaard met 'n ekstra kruisteken. As melodie beskou is en bly dit 'n wonderwerk in sy eenvoudigheid, plegtigheid en manlike eerlikheid, soos die latere eeue dit nooit weer sou beleef nie. En selfs al word dit verflou deur die afskaffing van sy oerritme, is sy uitwerking nog so geweldig as die oerkragte in die natuur.

Ps. 46 was in die Hugenotekerk nooit so bemind as die twee stryd-

psalms, Pss. 68 en 138 nie, en dit is by ons so goed as onbekend omdat dit in die moeilike en vir ons ore onwelluidende Mixolydisie modus gekomponeer is. Die moderne Franse gesangboeke van die Calvinistiese en Lutherse kerke neem dit glad nie eens meer op nie. Die oorspronklike Franse beryming is van Clément Marot (1496/7—1544) en die Nederlandse vertaling kom uit die bundel „Laus Deo Salus Populo” (1759) van 'n Nederlandse diggenootskap. Die nuwe vertaling (1936, deur 'n ongenoemde outeur) is m.i. hoegenaamd geen verbetering nie en wemel van keel- en sisklanke wat nagenoeg onsingbaar moet wees.

Die psalmboekwysie is deur Louis Bourgeois (±1510—1572), maar dit is nie dié wat in die eerste uitgawe van die Straatsburgse psalmboek verskyn het nie en wat vermoedelik van Duitse oorsprong was. Die komponis was of M. Greiter (gest. 1552), wat Ps. 36 (en 68) se wysie gemaak het, of Dachstein, 'n bekeerde musiekkundige monnik. Die wysie van 1539 was verbonde aan een van die vyf Calvyn-berymings wat in die „Cinquante Pseaumes” (1543), die tweede Geneefse gesangboekpublikasie, deur Marot-berymings vervang is. Soos Ps. 46 op die oomblik verskyn in die Marot-Bourgeois-gestalte is dit presies vierhonderd jaar oud. Die Lutherverwerking is reeds 414 jaar oud en bly nog steeds — met die moontlike uitsondering van die *melodie* van Ges. 32 — die beroemdste van alle koral van die Protestantse kerke oor die hele wêreld. Ongelukkig is in 1805 ook aan die skone Luther-wysie getorring en heel seker nie verbeter nie, maar selfs in sy verminkte vorm en met sy ingeënte Gellert-woorde is dit een van ons grootste skatte uit die groot skatkamer van die sestiende-eeuse koral.